



Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole)

Oorsig



DEPARTMENT OF EDUCATION
(DEPARTEMENT VAN ONDERWYS)

Gepubliseer deur die Departement van Onderwys
Sol Plaatje-huis
Schoemanstraat 123
Pretoria

Privaatsak X895
Pretoria

Tel: +27 (12) 312 5911
Faks: +27 (12) 321 6770

<http://education.pwv.gov.za>

Kopiereg © Departement van Onderwys, Pretoria

Afskrifte van hierdie publikasie kan verkry word by die
Direktoraat: Nasionale en Provinsiale Kommunikasie,
Departement van Onderwys, Pretoria
Tel: (012) 312 5410

ISBN 1-919917-68-30

Gazette no. 23406, Vol 443, May 2002

Departement van Onderwys

Hierdie dokument moet as deel van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) gelees word.

Hierdie Nasionale Kurrikulumverklaring sluit in:

1. 'n Oorsig
2. Agt Leerareaverklarings

AAN DIE LESER

Die Departement van Onderwys bied hierdie Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) met trots in al elf amptelike tale van Suid-Afrika aan.

Die proses van aanpassing en vertaling is kompleks en uitdagend. In baie gevalle moes die terminologie en bewoording vir die kurrikulum deur die mense wat met die dokumente gewerk het, ontwikkel word. Die dokumente is met kundiges in die veld getoets.

Die Departement van Onderwys beskou hierdie dokumente as die begin van 'n proses om ons tale te bevorder en te ontwikkel. Ons verwelkom en moedig mense in die veld aan om hierdie dokumente as grondslag vir verdere ontwikkeling te gebruik.



Inhoud

Inhoud

Voorrede	1
Voorwoord	2
Agtergrond	4
Die Grondwet, Waardes, Nasiebou en die Kurrikulum	7
Die Soort Leerder wat in die Vooruitsig gestel word	9
Die Soort Onderwyser wat in die Vooruitsig gestel word	9
Struktuur van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole)	10
Beginsels van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring	11
Sosiale Geregtigheid, 'n Gesonde Omgewing, Menseregte en Inklusiwiteit	11
Uitkomsgebaseerde Onderwys	11
'n Hoë Vaardigheids- en Kennisvlak vir Almal	13
Duidelikheid en Toeganklikheid	13
Progressie en Integrasie	14
Struktuur van en Begrippe in die Leerareaverklarings	14
Wat is 'n Leeruitkoms?	15
Wat is 'n Assesseringstandaard?	15
Hoe verskil 'n Assesseringstandaard van 'n Leeruitkoms?	16
Leerprogramme	16
Leerprogramme per Fase	17
Leerprogramriglyne	17
Tydstoekenning	18

Assessering	20
Algemene Onderwys-en-Opleidingsertifikaat	21
Leerareas: Definisies en Leeruitkomste	22
Tale	22
Definisie	22
Leeruitkomste	23
Wiskunde	23
Definisie	23
Leeruitkomste	24
Natuurwetenskappe	24
Definisie	24
Leeruitkomste	25
Sosiale Wetenskappe	26
Definisie	26
Leeruitkomste	26
Kuns en Kultuur	27
Definisie	27
Leeruitkomste	28
Lewensoriëntering	28
Definisie	28
Leeruitkomste	29
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	30
Definisie	30
Leeruitkomste	30
Tegnologie	31
Definisie	31
Leeruitkomste	31

Die ontwikkeling van 'n nasionale kurrikulum is 'n enorme uitdaging vir enige nasie. Op sy breedste vlak is ons onderwysstelsel en sy kurrikulum 'n uitdrukking van ons beeld van onself as 'n samelewing en ons visie van hoe ons die nuwe soort samelewing in ons kinders en leerders verwesenlik wil sien. Deur die keuse oor wat in die kurrikulum moet wees, verteenwoordig dit ons prioriteite en aannames van wat 'n "goeie opvoeding" op sy diepste vlak is.

Hierdie kurrikulum is deur Suid-Afrikaners vir Suid-Afrikaners geskryf, deur mense wat demokratiese beginsels en gebruike koester. Dit omvat ons visie van onderwysers en leerders wat goed ingelig en veelsydig is, wat sensitief teenoor omgewingskwessies is en in staat is om te reageer op die talle uitdagings wat Suid-Afrika steeds in hierdie een-en-twintigste eeu ervaar.

Ons moet egter ook realisties wees oor wat 'n kurrikulum kan bereik en nie kan bereik nie. Ongelykheid en armoede is steeds kenmerke van die opvoedkundige ervaring van te veel gesinne en hul kinders. Die kurrikulum sal verskillend in diverse kontekste vertolk en toegepas word. Ons sal dit na die beste van ons vermoë verbeter en implementeer. Ons sal ook ons uiterste bes probeer om die verwesenliking van die kurrikulum se visie moontlik te maak deur al daardie vraagstukke wat deur onderrig en leer omvat word, die hoof te bied.

Dit verg die toewyding en deelname van almal wat in opvoeding en die onderwys werk. Ons benodig die volle samewerking van die Regering, ouers, leerders en die breër gemeenskap. Ek vertrou dat hierdie Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring die ideale bevorder wat sodanige samewerking sal beliggaam.



PROFESSOR KADER ASMAL, LP
MINISTER VAN ONDERWYS

By 'n spesiale vergadering op 12 September 1997 het die Komitee vir Onderwysdepartementshoofde die Konsepverklaring van die Nasionale Kurrikulum vir Graad R tot 9 vir ministeriële goedkeuring aanbeveel. Dit is na die Raad van Onderwysministers verwys en is by sy vergadering op 29 September 1997 as drie afsonderlike beleidsdokumente vir die Grondslagfase, die Intermediêre Fase en die Senior Fase goedgekeur.

By sy vergadering in Junie 2000 het die Raad vir Onderwysministers ingestem dat die Verklaring van die Nasionale Kurrikulum vir Graad R tot 9 ooreenkomstig die aanbevelings van die Verslag van die Hersieningskomitee (31 Mei 2000) hersien moet word om Kurrikulum 2005 te vereenvoudig en te versterk.

'n Ministeriële Projekkomitee vir die Vereenvoudiging en Versterking van Kurrikulum 2005 is sedertdien gestig om die taak uit te voer. Die hersieningsproses is in Januarie 2001 met ongeveer 150 kurrikulum-ontwikkelaars uit die hele onderwysgemeenskap begin. Op 30 Julie is die Konsep- Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring vir Graad R-9 (Skole) vir 'n tydperk van drie maande vir openbare kommentaar uitgereik. In November is openbare verhore oor die kurrikulum gehou. Toe die openbare kommentaar en bydraes by die openbare verhore ontvang en ontleed is, het die kurrikulumwerkgroepe van die Ministeriële Projekkomitee in Desember 2001 weer vergader om voorgestelde veranderinge vir verbetering te inkorporeer. Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring is die resultaat van daardie proses.

Hierdie dokument en die agt leerareaverklarings wat as bylae gepubliseer word, vorm die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole). Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) sal die Verklaring van die Nasionale Kurrikulumverklaring vir Graad R-9 wat in 1997 goedgekeur is, vervang wanneer dit ingevoer word.

'n Omvattende en deelnemende implementeringstrategie en -plan sal saam met alle relevante sosiale vennote ontwikkel word om die suksesvolle invoering van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) te verseker.

Die huidige Assesseringsbeleid van 23 Desember 1988 (Staatskoerant 19640) en die Taal-in-Onderwysbeleid van 14 Julie 1997 (Staatskoerant 17997) behoort in samehang met die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) gelees te word. Die Assesseringsbeleid moet ook in samehang met die relevante deel van elke leerareaverklaring gelees word. Die beleid wat tans vir sertifisering geld, sal tot 2008 van krag wees. Daarna sal die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsertifikaat wat met hierdie Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring gepaardgaan, van krag word. Die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsertifikaat vir verpligte skoling is 'n volle kwalifikasie vir skole gegrond op die mate waarin leeruitkomste na aanleiding van die graad 9-asseseringstandaarde bereik word.



DIREKTEUR-GENERAAL
THAMI MSELEKU

Suid-Afrika se demokratiese regering het 'n verdeelde en ongelyke onderwysstelsel geërf. Onder apartheid het Suid-Afrika negentien verskillende onderwysdepartemente gehad wat deur ras, geografie en ideologie geskei was. Hierdie onderwysstelsel het kinders op verskillende maniere voorberei vir die posisies wat daar van hulle verwag is om in die sosiale, ekonomiese en politieke lewe onder apartheid te beklee. In elke departement het die kurrikulum 'n sterk rol gespeel om ongelykheid te versterk. Wat, hoe en of kinders onderrig is, het ooreenkomstig die verwagtinge van hul rol in die wyer samelewing verskil.

Kurrikulumverandering in post-apartheid-Suid-Afrika het onmiddellik na die 1994-verkiezing begin toe die Nasionale Onderwys-en-Opleidingsforum met 'n proses van sillabushersiening en vakrasionalisering begin het. Die doel van hierdie proses was hoofsaaklik om die fondament vir 'n enkele nasionale kernsillabus te lê. Benewens die rasionalisering en konsolidering van bestaande sillabusse, het die kurrikulumontwikkelaars van die Nasionale Onderwys-en-Opleidingsforum openlik rassistiese en ander sensitiewe taal uit die bestaande sillabusse verwyder. Vir die eerste keer is kurrikulumbesluite op 'n deelnemende en verteenwoordigende wyse geneem. Die proses van die Nasionale Onderwys-en-Opleidingsforum was egter nie en het ook nie bedoel om 'n kurrikulumontwikkelingsproses te wees nie.

Die Lewenslange Leer deur 'n Nasionale Kurrikulumraamwerk-dokument (1996) was die eerste belangrike kurrikulumverklaring van 'n demokratiese Suid-Afrika. Dit is onderlê deur beginsels uit die Witskrif oor Onderwys en Opleiding (1995), die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheidswet (nr. 58 van 1995) en die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (nr. 27 van 1996). In terme van die Witskrif, het dit die behoefte aan belangrike veranderinge in onderwys en opleiding beklemtoon ten einde leer en onderrig in Suid-Afrika te normaliseer en transformeer. Dit het ook die behoefte aan 'n verskuiwing van die tradisionele doelwitte-en-oogmerke-benadering na uitkomsgebaseerde onderwys benadruk. Dit het 'n visie van die volgende voorgestaan:

'n Vooruitstrewende, werklik verenigde, demokratiese en internasionaal mededingende land met geletterde, kreatiewe en kritiese burgers wat produktiewe, vervulde lewens in 'n land vry van geweld, diskriminasie en vooroordeel lei.

Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (nr. 27 van 1996) het voorsiening gemaak vir die ontwikkeling van die volgende kurrikulumontwerpselemente om 'n uitkomsgebaseerde benadering te ondersteun:

- ▶ Kritieke kruisveld-uitkomst (later bekend as kritieke en ontwikkelings-uitkomst, en oorspronklik in die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheidswet van 1995 geformuleer)
- ▶ Spesifieke uitkomst
- ▶ Domeinstellings
- ▶ Assesseringskriteria
- ▶ Taakaanduiders
- ▶ Veronderstelde leer-ure
- ▶ Deurlopende assessering, rekordhouding en rapportering.

Addisionele kurrikulumontwerpselemente is in daaropvolgende jare geformuleer en ingesluit:

- ▶ Fase-organiseerders
- ▶ Programorganiseerders
- ▶ Verwagte prestasievlakke
- ▶ Leerprogramme.

In Oktober 1997 is die Verklaring van die Nasionale Kurrikulum vir Graad R tot 9 in terme van Goewermentskennisgewing 1445 gepubliseer. Die Assesseringsbeleid in die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband vir Graad R-9 en Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes is in Desember 1998 (Regulasie 19640) ingestel. Kurrikulum 2005 is in 1998 in skole ingestel en in 2000 is die implementering daarvan deur 'n Ministeriële Komitee hersien. Die hersieningsopdrag was die struktuur en ontwerp van die kurrikulum, onderwyseroriëntering, opleiding en ontwikkeling, leersteunmateriaal, provinsiale steun aan onderwysers in skole en 'n tydraamwerk vir implementering. Die Ministeriële Hersieningskomitee het sy verslag op 31 Mei 2000 gelewer.

Die Hersieningskomitee het aanbeveel dat die versterking van die kurrikulum vereis dat die ontwerpkenmerke daarvan gerasionaliseer en die taal vereenvoudig moet word deur die daarstelling van 'n gewysigde Nasionale Kurrikulumverklaring. Dit het verder voorgestel dat die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring die ontwerpkenmerke van agt na drie verminder:

kritieke en ontwikkelingsuitkomst, leeruitkomst en assesseringstandaarde. Dit moes ook kurrikulum en assessering koördineer. Daarbenewens het dit voorgestel dat implementering deur die verbetering van onderwyseroriëntering en -opleiding, leersteunmateriaal en provinsiale ondersteuning versterk moes word. Dit het ook die aanpassing van die tydraamwerk vir implementering aanbeveel.

Die Raad van Onderwysministers het in Junie 2000 die kurrikulumaanbevelings van die Hersieningskomitee aanvaar. Die Kabinet het in Julie 2000 besluit:

Die ontwikkeling van 'n Nasionale Kurrikulumverklaring wat die kurrikulumvereistes vir verskillende vlakke en fases in duidelike en eenvoudige taal moet dek, moet dadelik begin. Sodanige verklaring moet ook aandag gee aan die besorgdhede oor die oorbelading van die kurrikulum en moet 'n duidelike beskrywing verskaf van die soort leerder wat met betrekking tot kennis, vaardighede, waardes en houdings aan die einde van die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband in die vooruitsig gestel word.

Die hersiening van Kurrikulum 2005 het tot 'n Konsep- Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring vir Graad R-9 (Skole) gelei. Die Konsep- Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring vir Graad R-9 (Skole) is op 30 Julie 2001 vir openbare kommentaar beskikbaar gestel. Dit is sedertdien tydens 2001 en 2002 in die lig van die openbare kommentaar hersien. Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring is dus nie 'n nuwe kurrikulum nie, maar 'n vereenvoudiging en versterking van Kurrikulum 2005. Dit bly trou aan die beginsels, doelstellings en kern van Kurrikulum 2005 en bevestig die verbintenis tot uitkomsgebaseerde onderwys.

Terwyl hierdie kurrikulumhersieningsproses voortgegaan het, het die praktyk in skole van graad R tot 9 in terme van die vorige beleid voortgegaan. Wanneer die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) beleid word, sal dit die Verklaring van die Nasionale Kurrikulum vir Graad R-9 wat in 1997 goedgekeur is, vervang. Implementering van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) word vir 2004 in die Grondslagfase beplan.

Hierdie dokument verskaf agtergrond omtrent die agt leerareaverklarings wat die grondslag vir die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) in die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband vorm.

Die Grondwet, Waardes, Nasiebou en die Kurrikulum

Die Grondwet, Waardes, Nasiebou en die Kurrikulum

Die waardes van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996) verskaf die grondslag vir die transformasie en ontwikkeling van die kurrikulum in hedendaagse Suid-Afrika. Die aanhef tot die Grondwet verklaar dat die doelstellings van die Grondwet soos volg is:

- ▶ Heel die verdelings van die verlede en skep 'n samelewing gegrond op demokratiese waardes, sosiale geregtigheid en fundamentele menseregte.
- ▶ Lê die grondslag vir 'n demokratiese en oop samelewing waarin regering op die wil van die bevolking gegrondves is en elke burger gelyk deur die reg beskerm word.
- ▶ Verhoog die lewensgehalte van alle burgers en ontsluit die potensiaal van elke mens.
- ▶ Bou 'n verenigde en demokratiese Suid-Afrika wat sy regmatige plek as 'n soewereine staat in die gemeenskap van nasies kan inneem.

Die Handves oor Waardes, Onderwys en Demokrasie (Departement van Onderwys, 2001) identifiseer tien fundamentele waardes van die Grondwet:

- ▶ Demokrasie
- ▶ Sosiale geregtigheid
- ▶ Gelykheid
- ▶ Nie-rassisme en nie-seksisme
- ▶ Ubuntu (menswaardigheid)
- ▶ 'n Oop samelewing
- ▶ Aanspreeklikheid (verantwoordelikheid)
- ▶ Respek
- ▶ Die oppergesag van die reg
- ▶ Versoening.

Die Handves identifiseer voorts sestien strategieë om jong Suid-Afrikaners vertrouwd met die waardes van die Grondwet te maak. Hierdie strategieë word in die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring verwoord en sluit die volgende in:

- ▶ Bevorder 'n kultuur van kommunikasie en deelname in skole.
- ▶ Rolmodellering: bevorder sowel toewyding as bevoegdheid onder opvoeders.
- ▶ Verseker dat elke Suid-Afrikaner in staat is om te kan lees, skryf, tel en dink.
- ▶ Vul die klaskamer met 'n kultuur van menseregte.
- ▶ Maak kuns en kultuur 'n deel van die kurrikulum.
- ▶ Plaas geskiedenis terug in die kurrikulum.
- ▶ Leer oor die ryk diversiteit van kulture, oortuigings en wêreldbeskouings waarbinne die eenheid van Suid-Afrika gemanifesteer word.
- ▶ Laat veeltaligheid gebeur.
- ▶ Gebruik sport om sosiale bande te smee en nasiebou op skoolvlak te bevorder.
- ▶ Verseker gelyke toegang tot onderwys.
- ▶ Bevorder anti-rassisme in skole.
- ▶ Bevry die potensiaal van sowel meisies as seuns.
- ▶ Handel met MIV/Vigs en bevorder 'n kultuur van seksuele en sosiale verantwoordelikheid.
- ▶ Maak skole veilig om in te leer en klas te gee en verseker die oppergesag van die reg.
- ▶ Bevorder etiek en die omgewing.
- ▶ Bevorder die nuwe patriotisme of bevestig 'n gemene burgerskap.

Die Grondwet gee uitdrukking aan Suid-Afrika se sosiale waardes en sy verwagtinge van die rol, regte en verantwoordelikhede van burgers in 'n demokratiese Suid-Afrika. Die Handves van Regte plaas uitnemende waarde op gelykheid, menswaardigheid, lewe en vryheid en veiligheid van die persoon. Hierdie en ander regte op vryheid van geloof en oortuiging, uitdrukking en assosiasie, bestaan langs die sosio-ekonomiese regte. Elke persoon het 'n reg op vryheid van armoede, haweloosheid, swak gesondheid en honger.

Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring is daarop gerig om hierdie waardes te weerspieël in die kennis en vaardighede wat dit bevorder. Dit moedig 'n bewustheid en begrip van die ryk diversiteit van kulture, oortuigings en wêreldbeskouinge waarbinne Suid-Afrika se eenheid gemanifesteer word, onder alle leerders aan.

Die Soort Leerder wat in die Vooruitsig gestel word

Die Soort Leerder wat in die Vooruitsig gestel word

Die uitdaging vir die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring is hoe die doelstellings en waardes van sosiale geregtigheid, gelykheid en demokrasie oor die hele kurrikulum heen geïntegreer kan word. Die bevordering van waardes is nie slegs belangrik vir persoonlike ontwikkeling nie, maar ook om te verseker dat 'n nasionale Suid-Afrikaanse identiteit gebou word op waardes wat verskillend is van dié wat apartheidsonderwys onderlê het. Die soort leerder wat in die vooruitsig gestel word, is een wat met hierdie waardes besiel sal wees en wat volgens die belange van 'n samelewing gegrond op agting vir demokrasie, gelykheid, menswaardigheid, lewe en sosiale geregtigheid sal optree.

Die kurrikulum is daarop gerig om elke leerder se volle potensiaal te ontwikkel. Dit stel in die vooruitsig 'n lewenslange leerder wat vrymoedig en onafhanklik, geletterd, gesyferd, veelvaardig en deernisvol is, met respek vir die omgewing en met die vermoë om as 'n kritiese en aktiewe burger aan die samelewing deel te neem.

Die Soort Onderwyser wat in die Vooruitsig gestel word

Die Soort Onderwyser wat in die Vooruitsig gestel word

Opvoeders op alle vlakke lewer 'n kernbydrae tot die transformasie van onderwys in Suid-Afrika. Onderwysers in die besonder het 'n belangrike rol om te vervul. Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring stel onderwysers in die vooruitsig wat gekwalifiseer, bekwaam, toegewyd en deernisvol is en wat in staat sal wees om aan die verskeie rolle te voldoen wat in die Norme en Standaarde vir Opvoeders van 2000 (Staatskoerant 20844) beskryf word. Hiervolgens word onderwysers as fasiliteerders van leer, vertolkers en

ontwerpers van leerprogramme en leerstof, leiers, administrateurs en bestuurders, vakkundiges, navorsers en lewenslange leerders, gemeenskapslede, burgers en beraders, assessors en deskundiges van leerareas/fases beskou.

Struktuur van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole)

Struktuur van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole)

Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring bestaan uit hierdie oorsigdokument en agt leerareaverklarings.

Daar is agt leerareas in die Nasionale Kurrikulumverklaring. 'n Leerarea is 'n veld van kennis, vaardighede en waardes wat sowel unieke kenmerke as skakels met ander kennisvelde en leerareas het. Die leerareas in hierdie Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring is:

- ▶ Tale
- ▶ Wiskunde
- ▶ Natuurwetenskappe
- ▶ Tegnologie
- ▶ Sosiale Wetenskappe
- ▶ Kuns en Kultuur
- ▶ Lewensoriëntering
- ▶ Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.

Die verband tussen menseregte, 'n gesonde omgewing en sosiale geregtigheid word in elke leerareaverklaring betrek.

Die leerareaverklarings verskaf 'n riglyn van vereistes en verwagtinge vanaf graad R tot 9 vir skole in die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband.

Beginsels van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring

Beginsels van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring

Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) bou op die visie en waardes van die Grondwet en Kurrikulum 2005. Hierdie beginsels sluit in:

Sosiale Geregtheid, 'n Gesonde Omgewing, Menseregte en Inklusiwiteit

Sosiale Geregtheid, 'n Gesonde Omgewing, Menseregte en Inklusiwiteit

Die kurrikulum kan 'n deurslaggewende rol in die bevordering van bewustheid van die verband tussen menseregte, 'n gesonde omgewing, sosiale geregtigheid en inklusiwiteit vervul. In sommige lande word dit deur vakke soos Burgerleer gedoen. Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring het probeer verseker dat alle leerareaverklarings die beginsels en praktyk van sosiale geregtigheid, respek vir die omgewing en menseregte soos dit in die Grondwet omskryf word, weerspieël. Die kurrikulum probeer in die besonder om sensitief te wees ten opsigte van kwessies soos armoede, ongelykheid, ras, geslag, ouderdom, gestremdheid en uitdagings soos MIV/Vigs.

Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring neem 'n inklusiewe benadering aan deur minimum vereistes vir alle leerders te spesifiseer. Leerders se spesiale opvoedkundige, sosiale, emosionele en fisieke behoeftes sal in die ontwerp en ontwikkeling van geskikte leerprogramme aandag ontvang.

Uitkomsgebaseerde Onderwys

Uitkomsgebaseerde Onderwys

Uitkomsgebaseerde onderwys beskou die leerproses as net so belangrik as die inhoud. Sowel die proses as die inhoud van onderwys word beklemtoon deur die beskrywing van die uitkomst wat aan die einde van die proses bereik moet

word. In die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring is leeruitkomste en assesseringstandaarde na onder uit die kritieke en ontwikkelingsuitkomste ontwerp.

Die kritieke en ontwikkelingsuitkomste is 'n lys uitkomste wat uit die Grondwet voortspruit en in die Suid-Afrikaanse Kwalifikasiewet (1995) omvat word. Dit beskryf die soort burger wat die onderwys- en opleidingstelsel behoort te lewer. Die kritieke uitkomste stel leerders wat tot die volgende in staat sal wees, in die vooruitsig:

- ▶ Identifiseer en los probleme op en neem besluite deur kritiese en kreatiewe denke.
- ▶ Werk doeltreffend saam met ander as lede van 'n span, groep, organisasie en gemeenskap.
- ▶ Organiseer en bestuur hulself en hul aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend.
- ▶ Versamel, ontleed en organiseer inligting en evalueer dit krities.
- ▶ Kommunikeer doeltreffend deur middel van visuele, simboliese en/of taalvaardighede in verskillende vorme.
- ▶ Gebruik wetenskap en tegnologie doeltreffend en krities deur verantwoordelikheid teenoor die omgewing en die gesondheid van ander te toon.
- ▶ Begryp dat die wêreld 'n stel verwante stelsels is waarin probleme nie in isolasie opgelos word nie.

Die ontwikkelingsuitkomste stel leerders wat ook tot die volgende in staat sal wees, in die vooruitsig:

- ▶ Dink na oor en ondersoek 'n verskeidenheid strategieë om doeltreffender te leer.
- ▶ Neem as verantwoordelike burgers aan die lewe van die plaaslike, nasionale en wêreldgemeenskap deel.
- ▶ Is kultureel en esteties sensitief in verskeie sosiale kontekste.
- ▶ Ondersoek opleidings- en beroepsmoontlikhede.
- ▶ Ontwikkel entrepreneursgeleenthede.

Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring poog om hierdie visie van die soort burger wat in 'n demokratiese samelewing uit ons skoolstelsel te voorskyn behoort te kom, te beliggaam en te handhaaf.

Deur middel van die leerareaverklarings identifiseer die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring die doelwitte, verwagtinge en uitkomste wat deur verwante leeruitkomste en assesseringstandaarde bereik moet word. Die leeruitkomste vir elke leerarea word later in hierdie dokument verskaf. Die assesseringstandaarde verskyn in die leerareaverklarings wat as bylae tot hierdie dokument gepubliseer word.

Die uitkomste en assesseringstandaarde beklemtoon deelnemende, leerdergerigte en aktiwiteitsgebaseerde onderwys. Dit laat groot ruimte vir kreatiwiteit en vernuwing deur onderwysers in die vertolking van wat en hoe hulle onderrig.

Die Suid-Afrikaanse weergawe van uitkomsgebaseerde onderwys is gerig daarop om jong mense verstandelik te stimuleer sodat hulle in staat is om ten volle aan die ekonomiese en sosiale lewe deel te neem. Die doel is om te verseker dat alle leerders in staat is om tot hul volle potensiaal te ontwikkel en toegerus vir lewenslange leer is.

'n Hoë Vaardigheids- en Kennisvlak vir Almal

'n Hoë Vaardigheids- en Kennisvlak vir Almal

Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring is gerig op die ontwikkeling van 'n hoë kennis- en vaardigheidsvlak vir almal. Dit stel hoë verwagtinge vir wat Suid-Afrikaanse leerders kan behaal. Sosiale geregtigheid vereis dat daardie gedeeltes van die bevolking wat voorheen deur 'n gebrek aan kennis en vaardighede ontmagtig is, nou bemagtig moet word. Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring is daarop gerig om 'n sterker grondslag te verskaf vir die ontwikkeling van 'n hoë vaardigheids- en kennisvlak deur almal. Dit doen dit deur die kombinasie van minimum kennis en vaardighede wat deur leerders in elke graad verwerf moet word, te spesifiseer en hoë, bereikbare standaarde in al die leerareas te stel.

Duidelikheid en Toeganklikheid

Duidelikheid en Toeganklikheid

Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring beoog duidelikheid en toeganklikheid in sowel ontwerp as taalgebruik. Twee ontwerpkenmerke –

leeruitkomste en assesseringstandaarde – gee leerders ‘n duidelike omskrywing van al die doelstellings en uitkomste nodig om na elke volgende vlak van die stelsel te vorder. Daarbenewens sal die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring in alle amptelike tale en Braille beskikbaar wees.

Progressie en Integrasie

Progressie en Integrasie

Die beginsel van geïntegreerde leer is ‘n integrerende deel van uitkomsgebaseerde onderwys. Integrasie verseker dat leerders die leerareas as verwant en onderling verbind ervaar. Dit ondersteun en brei hul geleenthede uit om vaardighede en kennis te verwerf en dit ontwikkel houdings en waardes wat oor die hele kurrikulum heen omvat word.

Dit is belangrik dat die kurrikulum toenemend ingewikkelde, diep en breë verwagtinge aan leerders stel. Die term “konseptuele progressie” beskryf hierdie kenmerk van die kurrikulum. In die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring verskaf die assesseringstandaarde in elke leerareaverklaring die konseptuele progressie in elke leerarea van graad tot graad.

Terselfdertyd behoort leerders nie in isolasie met assesseringstandaarde te werk nie. Skakels moet binne en oor leeruitkomste en leerareas heen gemaak word. Die bereiking van ‘n optimale verhouding tussen integrasie oor leerareas heen en konseptuele progressie van graad tot graad is sentraal tot hierdie kurrikulum.

Die voortgesette ontwikkeling van onderwysers, skoolbestuurspanne en departementele steunpersoneel is ‘n belangrike faset van hierdie doel

Struktuur van en Begrippe in die Leerareaverklarings

Struktuur van en Begrippe in die Leerareaverklarings

Elke leerareaverklaring bestaan uit vier afdelings:

‘n Inleiding: Hierdie afdeling stel die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring en die spesifieke leerarea bekend – die doelstellings en unieke kenmerke daarvan.

‘n Afdeling oor leeruitkomste en assesseringstandaarde: Dit beskryf die vereistes vir en verwagtinge van leerders in elke graad in die Grondslagfase (graad R tot 3), die Intermediêre Fase (graad 4 tot 6) en die Senior Fase (graad 7 tot 9). Die Grondslagfase fokus op die primêre vaardighede, kennis en waardes om die ontwikkeling van verdere leer te verseker. Die leeruitkomste en assesseringstandaarde behoort as minimum of essensiële kennis, waardes en vaardighede wat gedek moet word, beskou te word, maar dit behoort nie al te wees wat onderrig word nie. Dit dui op wat noodsaaklik vir vordering deur die stelsel is en is met betrekking tot die vereistes vir graad 9 ontwerp.

‘n Afdeling oor assessering: Hierdie afdeling omskryf beginsels en riglyne vir assessering en maak voorstelle vir die verslaghouding en rapportering van assessering.

Naslaanlyste: Hierdie afdeling sluit afkortings, akronieme en woordelyste in.

Wat is ‘n Leeruitkoms?

Wat is ‘n Leeruitkoms?

‘n Leeruitkoms is uit die kritieke en ontwikkelingsuitkomste afgelei. Dit is ‘n beskrywing van wat (kennis, vaardighede en waardes) leerders aan die einde van die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband behoort te weet, te toon en te kan doen. ‘n Stel leeruitkomste behoort deur die assesseringstandaarde integrasie en progressie in die ontwikkeling van begrippe, vaardighede en waardes te verseker. Leeruitkomste skryf nie inhoud of metode voor nie.

Wat is ‘n Assesseringstandaard?

Wat is ‘n Assesseringstandaard?

‘n Assesseringstandaard beskryf die vlak waarop leerders hul bereiking van die leeruitkoms(-te) moet toon en maniere (diepte en wydte) om hierdie bereiking te toon. Dit is graadspeksifiek en toon hoe konsepuele progressie in ‘n leerarea sal plaasvind. Dit beliggam die nodige kennis, vaardighede en waardes om leeruitkomste te bereik. Dit skryf nie metode voor nie.

Hoe verskil 'n Assesseringstandaard van 'n Leeruitkoms?

Hoe verskil 'n Assesseringstandaard van 'n Leeruitkoms?

Leeruitkomste beskryf wat leerders behoort te weet en te kan doen. Assesseringstandaarde beskryf die minimum vlak, diepte en breedte van wat geleer word. In die praktyk beteken dit dat leeruitkomste, in die meeste gevalle, dieselfde van graad tot graad kan en sal bly, terwyl assesseringstandaarde van graad tot graad verander.

Die assesseringstandaarde dra ook tot die kwalifikasie by. In die geval van die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband beteken dit die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsertifikaat.

Leersteunmateriaal en ontwikkelingsprogramme vir onderwysers sal 'n belangrike rol in die interpretasie en verwesenliking van die leeruitkomste en assesseringstandaarde vervul.

Leerprogramme

Leerprogramme

Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) sal deur middel van leerprogramme in skole geïmplementeer word. Leerprogramme is gestruktureerde en sistematiese groeperings van aktiwiteite wat die bereiking van leeruitkomste en assesseringstandaarde vir die fase bevorder.

Terwyl die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring die begrippe, vaardighede en waardes per graad stipuleer, spesifiseer leerprogramme die omvang van leer- en assesseringsaktiwiteite per fase. Leerprogramme bevat ook werkskedules wat die tempo en orde van hierdie aktiwiteite vir elke jaar verskaf, asook voorbeelde van lesplanne wat in enige gegewe tydperk geïmplementeer kan word. Die onderliggende beginsels en waardes van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring is ook onderliggend aan die leerprogramme.

Leerprogramme moet verseker dat alle leeruitkomste en assesseringstandaarde doeltreffend gedek word en dat die voorgeskrewe tyd en klem aan elke leerarea

toegeken word. Leerprogramme sal op verbande tussen leeruitkomste en assesseringstandaarde gebaseer word, sonder om die integriteit van leerareas aan te tas.

Leerprogramme per Fase

| Leerprogramme per Fase

In die Grondslagfase is daar drie leerprogramme: Geletterdheid, Gesyferdheid en Lewensvaardighede.

In die Intermediêre Fase is Tale en Wiskunde afsonderlike leerprogramme. Leerprogramme moet verseker dat die voorgeskrewe uitkomste vir elke leerarea doeltreffend en volledig gedek word. Skole kan, na aanleiding van hul organisatoriese vereistes, op die aantal en aard van ander leerprogramme besluit, mits die nasionale prioriteite en ontwikkelingsbehoefte van leerders in 'n fase in ag geneem word.

In die Senior Fase is daar agt leerprogramme gebaseer op die leerareaverklarings.

Onderwysers sal verantwoordelik vir die ontwikkeling van leerprogramme wees. Die Departement van Onderwys sal beleidsriglyne vir die ontwikkeling van leerprogramme ontwikkel ten einde hierdie proses te ondersteun. Provinsies sal, waar nodig, verdere riglyne ontwikkel om voorsiening vir diversiteit te maak.

Onderwyseropleidingsprogramme sal die kapasiteit van onderwysers, skoolbestuurspanne en departementele steunpersoneel bou om die ontwikkeling van leerprogramme te ontwikkel, implementeer, bestuur en ondersteun.

Leerprogramriglyne

| Leerprogramriglyne

Om die bereiking van die nasionale standaard wat deur die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring gestel word, te verseker, sal beleidsriglyne vir relevante en gepaste leerprogramme, gebaseer op die Raamwerk vir die Ontwikkeling van Beleidsriglyne, op nasionale vlak in samewerking met provinsies ontwikkel word.

Hierdie riglyne sal die beginsel van geïntegreerde leer, die bereiking van 'n optimale verhouding tussen integrasie oor leerareas heen en konseptuele progressie van graad tot graad benadruk. Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (1996, seksie 3, paragraaf 4) bemaatig die Minister van Onderwys om onder andere so 'n nasionale beleidsriglyn vir die beplanning van hierdie leerprogramme te bepaal.

Hierdie beleidsriglyne sal inligting en leiding ten opsigte van die volgende verskaf:

- ▶ Integrasie binne en oor leerareas heen
- ▶ Die saamgroepering van assesseringstandaarde
- ▶ Die verband tussen leeruitkomste
- ▶ Tydstoekening
- ▶ Assessering
- ▶ Leerstruikelblokke
- ▶ Die ontwerp van 'n leerprogram
- ▶ Beleid en wetgewing
- ▶ Opleiding, ontwikkeling en lewering
- ▶ Hulpmiddels en ondersteuning
- ▶ Beplanning en organisasie.

Hierdie riglyne sal binne die konteks van bestaande beleid en wetgewende raamwerke soos die ses Witskrifte oor Onderwys, die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (1996) en die Wet op die Indiensneming van Opvoeders (1998) toegepas word. Leerprogramriglyne sal 'n raamwerk verskaf om spesifieke leerder- en kontekstuele behoeftes die hoof te bied.

Tydstoekening

| *Tydstoekening*

Kragtens seksie 4 van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998, sal die formele skooldag vir onderwysers sewe uur wees. Kragtens die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996, is die formele onderrigtyd per skoolweek 35 uur. Dit word in die onderstaande tabel uiteengesit:

Fase	Graad	Tyd
Grondslagfase	R, 1 en 2	22 uur 30 min
	3	25 uur
Intermediêre fase	4, 5 en 6	26 uur 30 min
Senior fase	7	26 uur 30 min
	8 en 9	27 uur 30 min

Die formele onderrigtydstoekening vir die Grondslagfase word hieronder as persentasies van die tye in die bostaande tabel verskaf:

Leer-program	Tyd (%)
Geletterdheid	40%
Gesyferdheid	35%
Lewens-vaardighede	25%

Die tydstoekenning as persentasies tyd (soos in die bostaande tabel getoon) vir die Intermediêre en Senior Fase is:

Leerarea/ -program	Tyd (%)
Tale	25%
Wiskunde	18%
Natuurwetens- kappe	13%
Sosiale Wetenskappe	12%
Tegnologie	8%
Ekonomiese en Bestuurswetens- kappe	8%
Lewens- oriëntering	8%
Kuns en Kultuur	8%

Riglyne vir beplanning word in die Leerprogramriglyne verskaf.

Assessering

Assessering

Elke leerareaverklaring bevat 'n omvattende afdeling oor assessering. In 'n uitkomsgebaseerde raamwerk word die mees gepaste assesseringsmetodes wat uiteenlopende kontekstuele faktore omvat, gebruik. Assessering behoort doeltreffende aanduidings van leerderprestasie te verskaf en behoort te verseker dat leerders kennis en vaardighede integreer en toepas. Assessering behoort leerders ook te help om hul eie prestasie te evalueer, om doelwitte vir vordering te stel en dit behoort verdere leer aan te moedig.

Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring koördineer die kurrikulum en assesseringsbeleid wat in die Assesseringsbeleid (Staatskoerant 19640 van 1998) vervat word. 'n Algemene riglyn vir onderwysers verskyn aan die einde van elke leerareaverklaring.

Algemene-Onderwys- en-Opleidingsertifikaat

*Algemene-Onderwys-
en-Opleidingsertifikaat*

Alle leer en onderrig van graad R tot 9 dra by tot die soort leerder wat deur die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring in die vooruitsig gestel word. Assesering van hierdie leer vind op 'n deurlopende basis regdeur die tien skooljare plaas. Die assessering en sertifisering van hierdie kumulatiewe leer vind aan die einde van graad 9 plaas wanneer daar aan leerders wat aan die gespesifiseerde vereistes voldoen, 'n Algemene-Onderwys-en-Opleidingsertifikaat toegeken sal word.

Die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsertifikaat vir verpligte skoling is 'n volle kwalifikasie vir skole, gebaseer op die mate waarin die leeruitkomste na aanleiding van die graad 9-asseseringstandaarde bereik word.

Tot 2008 sal die beleid wat tans op sertifisering betrekking het, geld. Daarna sal die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsertifikaat wat met hierdie Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring gepaardgaan, van krag word.

Leerareas: Definisies en Leeruitkomste

| *Leerareas: Definisies en Leeruitkomste*

Tale

Definisie

| *Definisie*

Die leerarea Tale sluit die volgende in:

- ▶ Al elf amptelike tale: Sepedi, Sesotho, Setswana, SiSwati, Tshivenda, Xitsonga, Afrikaans, Engels, isiNdebele, isiXosa en isiZulu
- ▶ Tale wat deur die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PANSAT) en die Suid-Afrikaanse Sertifiseringsraad (SAFSERT) goedgekeur is, soos Braille en Suid-Afrikaanse gebaretaal.

In 'n veeltalige land soos Suid-Afrika is dit belangrik dat leerders 'n hoë bevoegdheidsvlak in minstens twee tale bereik, en dat hulle in ander tale kan kommunikeer.

Die Tale-leerareaverklaring volg 'n toevoegende benadering tot veeltaligheid:

- ▶ Alle leerders leer hul huistaal en minstens een addisionele amptelike taal.
- ▶ Leerders raak bevoeg in hul addisionele taal, terwyl hul huistaal behou en ontwikkel word.

Die Tale-leerarea maak voorsiening vir al elf amptelike tale as:

- ▶ Huistaal
- ▶ Eerste addisionele taal
- ▶ Tweede addisionele taal.

Leerders se huistaal behoort, waar moontlik, vir die doel van leer en onderrig gebruik te word. Dit is veral belangrik in die Grondslagfase waar kinders leer

lees en skryf. Wanneer leerders van hul huistaal na 'n addisionele taal vir leer en onderrig moet oorskakel, is sorgvuldige beplanning nodig.

Leeruitkomst

| *Leeruitkomst*

1. **Luister:** Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer.
2. **Praat:** Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.
3. **Lees en Kyk:** Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.
4. **Skryf:** Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.
5. **Dink en Redeneer:** Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.
6. **Taalstruktuur en -Gebruik:** Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.

Luister, praat, lees en kyk, skryf, dink en redeneer, en die kennis van klanke, woorde en grammatika behoort, alhoewel dit as afsonderlike uitkomst verskyn, tydens onderrig en assessering geïntegreer te word.

Wiskunde

Definisie

| *Definisie*

Wiskunde is 'n menslike aktiwiteit wat die volgende behels: die waarneming, voorstelling en ondersoek van patrone en kwantitatiewe verhoudings in fisiese en sosiale verskynsels en tussen wiskundige voorwerpe self. Deur hierdie proses word nuwe wiskundige idees en insigte gegenereer.

Wiskunde het sy eie gespesialiseerde taal wat simbole en notasies gebruik om

numeriese, meetkundige en grafiese verhoudings te beskryf. Wiskundige begrippe bou op mekaar om 'n samehangende struktuur te vorm.

Wiskunde is 'n produk van ondersoek deur verskillende kulture; dit is 'n doelgerigte aktiwiteit binne die konteks van sosiale, politieke en ekonomiese doeleindes en beperkinge. Dit is nie waardestry of kultureel neutraal nie.

Leeruitkomst

Leeruitkomst

1. **Getalle, Bewerkings en Verhoudings:** Die leerder is in staat om getalle en die verhoudings daarvan te herken, te beskryf en voor te stel, en om tydens probleemoplossing bevoeg en met selfvertroue te tel, skat, bereken en kontroleer.
2. **Patrone, Funksies en Algebra:** Die leerder is in staat om patrone en verhoudings te herken, te beskryf en voor te stel en probleme op te los deur algebraïese taal en vaardighede te gebruik.
3. **Ruimte en Vorm:** Die leerder is in staat om eienskappe van en verhoudings tussen tweedimensionele vorms en driedimensionele voorwerpe in 'n verskeidenheid oriëntasies en posisies te beskryf en voor te stel.
4. **Meting:** Die leerder is in staat om gepaste meeteenhede, instrumente en formules in 'n verskeidenheid kontekste te gebruik.
5. **Datahantering:** Die leerder is in staat om data te versamel, op te som, voor te stel en krities te ontleed om gevolgtrekkings en voorspellings te maak en om kansvariasie te interpreteer en te bepaal.

Natuurwetenskappe

Definisie

Definisie

Wat vandag as “wetenskap” bekend staan, het uit die Afrika-, Arabiese, Asiatiese, Amerikaanse en Europese kulture ontstaan. Dit is gevorm deur die soeke daarna om die natuurlike wêreld deur waarneming, kodifisering en toetsing van idees te begryp en het ontwikkel om 'n deel van alle nasies se kultuurerfenis te word. Dit word gewoonlik “gekarakteriseer deur die

moontlikheid om presiese stellings te maak wat ontvanklik vir die een of ander soort toets is" (*McGraw-Hill Concise Encyclopaedia of Science and Technology*, 2de uitgawe, bl. 1647).

Die Natuurwetenskappe-leerareaverklaring stel 'n leer- en onderrigmetode in die vooruitsig wat herken dat die mense van Suid-Afrika weens kultuurverskille sowel 'n verskeidenheid leerstyle as perspektiewe het. Die Natuurwetenskappe-leerarea werk van die uitgangspunt dat alle leerders toegang tot betekenisvolle wetenskaponderrig moet hê. Betekenisvolle onderwys moet leerdergesentreerd wees. Dit moet leerders wetenskaplike kennis en die voorkoms daarvan, asook omgewings- en wêreldkwessies, help verstaan. Die Natuurwetenskappe-leerarea is daarop gerig om 'n grondslag te verskaf waarop leerders lewenslank kan voortbou.

Die Natuurwetenskappe-leerareaverklaring bevorder wetenskaplike geletterdheid deur die volgende:

- ▶ Die ontwikkeling en gebruik van wetenskapprosesvaardighede in 'n verskeidenheid kontekste.
- ▶ Die ontwikkeling en toepassing van wetenskaplike kennis en begrip.
- ▶ Waardering vir die onderlinge verband en verantwoordelikhede tussen wetenskap, die samelewing en die omgewing.

Leeruitkomste

| *Leeruitkomste*

1. **Wetenskaplike Onderzoek:** Leerders reageer met selfvertroue op hul weetgierigheid oor natuurlike verskynsels; hulle ondersoek verhoudings en los probleme binne die konteks van wetenskap, tegnologie en die omgewing op.
2. **Konstruksie van Wetenskapkennis:** Leerders ken, interpreteer en pas wetenskaplike, tegnologiese en omgewingskennis toe.
3. **Wetenskap, Tegnologie en die Omgewing:** Leerders is in staat om begrip van die onderlinge verband tussen wetenskap en tegnologie, die samelewing en die omgewing te toon.

Sosiale Wetenskappe

Definisie

| *Definisie*

Die Sosiale Wetenskappe behels die studie van verhoudings tussen mense, asook tussen mense en die omgewing. Hierdie verhoudings wissel oor tyd en ruimte heen. Dit word deur die sosiale, politieke, ekonomiese en omgewingskonteks beïnvloed, asook deur mense se waardes, houdings en oortuigings.

Die begrippe, vaardighede en prosesse van geskiedenis en aardrykskunde vorm kernelemente van die Sosiale Wetenskappe-leerareaverklaring. Omgewingsopvoeding en menseregteopvoeding vorm 'n integrerende deel van sowel geskiedenis as aardrykskunde.

Die Sosiale Wetenskappe-leerareaverklaring is gemoeid met sowel wat leerders leer as hoe hulle leer, asook met hoe hulle kennis konstrueer. Die leerareaverklaring moedig leerders aan om vrae te stel oor die samelewing en omgewing waarin hulle leef en antwoorde daarop te vind.

Hierdie leerareaverklaring is daarop gerig om 'n bydrae te lewer tot die ontwikkeling van ingeligte, kritiese en verantwoordelike burgers wat in staat is om konstruktief aan 'n kultureel diverse en veranderende samelewing deel te neem. Dit rus leerders ook toe om 'n bydrae tot die ontwikkeling van 'n regverdige en demokratiese samelewing te lewer.

Leeruitkomst

| *Leeruitkomst*

Geskiedenis

1. **Geskiedkundige Onderzoek:** Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te ondersoek.
2. **Geskiedkundige Kennis en Begrip:** Die leerder is in staat om kennis en begrip van geskiedenis te toon.

3. **Geskiedkundige Interpretasie:** Die leerder is in staat om aspekte van geskiedenis te interpreteer.

Aardrykskunde

1. **Aardrykskundige Onderzoek:** Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om aardrykskundige en omgewingsbegrippe en -prosesse te ondersoek.
2. **Aardrykskundige Kennis en Begrip:** Die leerder is in staat om aardrykskundige en omgewingskennis en -begrip te toon.
3. **Onderzoek van Vraagstukke:** Die leerder is in staat om ingeligte besluite oor sosiale en omgewingsvraagstukke en -probleme te neem.

Kuns en Kultuur

Definisie

Definisie

Die Kuns en Kultuur-leerareaverklaring dek 'n breë spektrum van Suid-Afrika se kuns- en kultuurgebruike. Kuns en kultuur is 'n integrerende deel van die lewe en omvat die geestelike, materiële, intellektuele en emosionele aspekte van die menslike strewe in die samelewing.

Kultuur vind uitdrukking deur die kunste en deur mense se lewenswyse, gedragpatrone, erfenis, kennis en geloofsoortuigings. Kultuur is nie staties nie – dit het 'n geskiedenis en konteks, en dit verander, veral wanneer dit in kontak met ander kulture kom.

Die benadering tot kultuur in hierdie leerareaverklaring moedig leerders aan om die volgende te doen:

- ▶ Beweeg van passiewe erfgename van kultuur na aktiewe deelnemers daaraan.
- ▶ Dink skeppend na oor kuns, uitvoerings en kulturele geleentheid.
- ▶ Identifiseer die verband tussen kunswerke en kultuur.
- ▶ Verstaan die geografiese, ekonomiese en sosiale konteks waaruit kuns en kultuur voortspruit.

- ▶ Identifiseer die skakels tussen kulturele praktyk, mag en kulturele oorheersing.
- ▶ Ontleed die uitwerking van tyd op kultuur en die kunste.
- ▶ Verstaan hoe die kunste kultuur op unieke maniere uitdruk, uitbrei en bevraagteken.

Die benadering tot kuns in hierdie leerareaverklaring beweeg vanaf 'n breë ervaring wat verskeie kunsvorme binne diverse kulturele kontekste betrek, na 'n toenemende diepte van kennis en vaardighede teen graad 8 en 9. Die integriteit van diskrete kunsvorme en die waarde van geïntegreerde leerervarings word herken. Die leerareaverklaring strewende daarna om 'n balans tussen die ontwikkeling van generiese kennis oor kuns en kultuur en spesifieke kennis en vaardighede in elkeen van die kunsvorme te skep.

Leeruitkomst

| *Leeruitkomst*

1. **Skepping, Interpretasie en Aanbieding:** Die leerder is in staat om werk in elk van die kunsvorme te skep, te interpreteer en aan te bied.
2. **Besinning:** Die leerder is in staat om krities oor kuns- en kultuurprosesse, -produkte en -style in die konteks van die verlede en die hede te besin.
3. **Deelname en Samewerking:** Die leerder is in staat om persoonlike en interpersoonlike vaardighede deur individuele en groepdeelname aan kuns- en kultuuraktiwiteite te toon.
4. **Uitdrukking en Kommunikasie:** Die leerder is in staat om veelvuldige vorme van kommunikasie en uitdrukking in kuns en kultuur te ontleed en te gebruik.

Lewensoriëntering

Definisie

| *Definisie*

Die begrip “lewensoriëntering” omvat die kern van wat hierdie leerareaverklaring wil bereik. Dit lei en berei leerders op die lewe en al sy moontlikhede voor.

Lewensoriëntering rus leerders spesifiek toe vir 'n suksesvolle en betekenisvolle lewe in 'n snelveranderende en transformerende samelewing.

Die Lewensoriëntering-leerareaverklaring ontwikkel vaardighede, kennis, waardes en houdings wat leerders bemagtig om ingeligte besluite te neem en gepas op te tree ten opsigte van:

- ▶ Gesondheidsbevordering
- ▶ Sosiale ontwikkeling
- ▶ Persoonlike ontwikkeling
- ▶ Liggaamlike ontwikkeling en beweging
- ▶ Oriëntering ten opsigte van die wêreld van werk.

Saam betrek hierdie vyf fokusgebiede van die Lewensoriëntering-leerareaverklaring mense- en omgewingsregte soos uiteengesit in die Grondwet.

Leeruitkomste

Leeruitkomste

1. **Gesondheidsbevordering:** Die leerder is in staat om ingeligte besluite oor persoonlike, gemeenskaps- en omgewingsgesondheid te neem.
2. **Sosiale Ontwikkeling:** Die leerder is in staat om begrip van en toewyding aan grondwetlike regte en sosiale verantwoordelikhede asook begrip vir diverse kulture en gelowe te toon.
3. **Persoonlike Ontwikkeling:** Die leerder is in staat om verworwe lewensvaardighede te gebruik om persoonlike potensiaal te verwesenlik en uit te brei ten einde doeltreffend op uitdagings in sy/haar wêreld te reageer.
4. **Liggaamlike Ontwikkeling en Beweging:** Die leerder is in staat om begrip te toon vir en deel te neem aan aktiwiteite wat beweging en liggaamlike ontwikkeling bevorder.
5. **Oriëntering ten opsigte van die Wêreld van Werk:** Die leerder is in staat om ingeligte besluite oor verdere studie en beroepskeuses te neem.

Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Definisie

| *Definisie*

Die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe-leerareaverklaring behels die studie van private, openbare of kollektiewe gebruik van verskillende soorte hulpbronne wat in mense se behoeftes en begeertes voorsien, terwyl dit krities oor die impak van hulpbronbenutting op die omgewing en mense besin.

Die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe-leerareaverklaring behandel die volgende in die besonder:

- ▶ Die aard, prosesse en produksie van goedere en dienste
- ▶ Die Suid-Afrikaanse ekonomie, asook sosio-ekonomiese stelsels in verskillende lande
- ▶ Belegging en finansiële bestuurs- en beplanningsvaardighede vir private, openbare of kollektiewe besit
- ▶ Entrepreneursvaardighede en -kennis wat nodig is om menseleuens en omgewings te bestuur.

Leeruitkomst

| *Leeruitkomst*

1. **Kennis en Begrip van die Ekonomiese Siklus:** Die leerder is in staat om kennis en begrip van die ekonomiese siklus in die oplossing van die ekonomiese probleem te toon.
2. **Begrip van Volhoubare Groei en Ontwikkeling:** Die leerder is in staat om begrip van volhoubare groei, heropbou en ontwikkeling te toon en krities oor verwante prosesse na te dink.
3. **Bestuurs-, Verbruikers- en Finansiële Kennis en Vaardighede:** Die leerder is in staat om kennis en die vermoë te toon om verskeie bestuurs-, verbruikers- en finansiële vaardighede toe te pas.
4. **Entrepreneurskennis en -Vaardighede:** Die leerder is in staat om entrepreneurskennis, -vaardighede en -houdings te toon.

Tegnologie

Definisie

| *Definisie*

Tegnologie was deur die geskiedenis heen 'n aktiwiteit waarin mense 'n kombinasie van kennis, vaardighede en beskikbare hulpbronne gebruik het om oplossings vir daaglikse behoeftes en begeertes te ontwikkel. Sommige van hierdie oplossings is in die vorm van produkte, terwyl ander 'n kombinasie van produkte wat stelsels vorm, behels.

Vandag het mense steeds behoeftes en begeertes. Oplossings word nog ontwikkel deur aktiwiteite wat kennis, vaardighede en beskikbare hulpbronne kombineer. Vandag is die kennis, vaardighede en hulpbronne egter weens die snelle ontwikkeling in tegnologie verskillend. Vandag se samelewing is kompleks en divers. Ekonomiese en omgewingsfaktore en 'n wye verskeidenheid houdings en waardes moet in ag geneem word wanneer tegnologiese oplossings ontwikkel word. Dit is in hierdie konteks wat tegnologie soos volg gedefinieer word:

Die gebruik van kennis, vaardighede en hulpbronne om aan mense se behoeftes en begeertes te voldoen deur praktiese oplossings vir probleme met inagnome van sosiale en omgewingsfaktore te ontwikkel.

Leeruitkomst

| *Leeruitkomst*

1. **Tegnologiese Prosesse en Vaardighede:** Die leerder is in staat om tegnologiese prosesse en vaardighede eties en verantwoordelik toe te pas deur gepaste inligtings- en kommunikasietegnologie te gebruik.
2. **Tegnologiese Kennis en Begrip:** Die leerder is in staat om relevante tegnologiese kennis te verstaan en dit eties en verantwoordelik toe te pas.
3. **Tegnologie, Samelewing en Omgewing:** Die leerder is in staat om begrip van die onderlinge verband tussen wetenskap, tegnologie, die samelewing en die omgewing oor tyd heen te toon.